**Skriflesing:** 1 Timotheus 1: 1-20; 3:14-16
Teks: **1 Timotheus 1:1-2; 1 Timotheus 3:14-16**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 36:2, 3**
**TYDENS EREDIENS - Ps. 146:1, 2; Ps. 19:1,4; Ps. 61: 1, 6; Ps. 68:2,3**

**1 Timotheus 1: 1-20**

1Ti 1:1 Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus in opdrag van God ons Verlosser en van Christus Jesus ons Hoop.
1Ti 1:2 Aan Timoteus, my eie kind in die geloof. Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here!
1Ti 1:3 Soos by my vertrek na Masedonië toe, dring ek nou weer by jou daarop aan om in Efese te bly. Daar is sekere mense wat vals leerstellings versprei, en jy moet hulle dit verbied.
1Ti 1:4 Hulle moet hulle nie met verdigsels en eindelose geslagsregisters besig hou nie. Sulke dinge gee eerder aanleiding tot twisgesprekke as dat dit die vorming bevorder wat God deur die geloof gee.
1Ti 1:5 Die doel van hierdie opdrag is om liefde te wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof kom.
1Ti 1:6 Daar is mense wat hiervan afgedwaal het en in 'n vrugtelose gepraat verval het.
1Ti 1:7 Hulle wil leermeesters in die wet wees, maar hulle verstaan nie hulle eie woorde of die dinge waaroor hulle so selfversekerd praat nie.
1Ti 1:8 Ons weet dat die wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik.
1Ti 1:9 'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars,
1Ti 1:10 ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is.
1Ti 1:11 Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlikheid van die goeie God.
1Ti 1:12 Teenoor Christus Jesus ons Here is ek dankbaar: Hy het my krag gegee en my betroubaar geag om my in sy diens te stel,
1Ti 1:13 al het ek Hom voorheen belaster, vervolg en beledig. Maar God was genadig teenoor my omdat ek in my ongeloof nie geweet het wat ek doen nie.
1Ti 1:14 Ons Here het my oorlaai met sy genade en met geloof en liefde wat ons deel is in Christus Jesus.
1Ti 1:15 Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste.
1Ti 1:16 Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry.
1Ti 1:17 Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.
1Ti 1:18 Hierdie opdrag gee ek aan jou, Timoteus, my kind, in ooreenstemming met die profesieë wat vroeër oor jou uitgespreek is. Met hierdie woorde in gedagte, moet jy die goeie stryd stry.
1Ti 1:19 Hou vas aan die geloof en behou 'n goeie gewete. Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gely.
1Ti 1:20 Onder hulle is daar Himeneus en Aleksander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle daardeur kan leer om God nie te laster nie.

**1 Timotheus 3: 14-16**

1Ti 3:14 Ek skryf hierdie dinge aan jou hoewel ek hoop om gou na jou toe te kom.
1Ti 3:15 Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid.
1Ti 3:16 En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is: As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het Hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlikheid is Hy opgeneem.

**Skriflesing:** 1 Timotheus 1: 1-20; 3:14-16
Teks: **1 Timotheus 1:1-2; 1 Timotheus 3:14-16**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 36:2, 3**
**TYDENS EREDIENS - Ps. 146:1, 2; Ps. 19:1,4; Ps. 61: 1, 6; Ps. 68:2,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het vanoggend gelees uit van Paulus se laaste briewe, ook genoem sy pastorale briewe. Die oomblik as ons praat van pastoraal dan is dit so van toepassing op die begin van 2024. In die woord *pastoraal* is daar opgesluit 'n werklik kyk na mekaar, 'n diepe omgee vir mekaar. Paulus het die eerste Timotheus brief geskryf aan die jongman Timotheus wat hy dan ook noem *my eie kind in die geloof...*In die Grieks gebruik hy die woord *agapetos* ... wat ook vertaal kan word as baie geliefd ... Daar is 'n baie besondere verhouding tussen Paulus en Timotheus gewees. Hy het baie vir Timotheus omgegee.

***

Tog is dit belangrik dat ons na die begin van die brief baie mooi moet kyk. Timotheus moes geweet het wie Paulus is. Timotheus sou ook weet dat Paulus 'n apostel van die Here is. Tog is Paulus se inleiding op sy brief nie 'n ligtelike saak nie, maar die feit dat Paulus dit beklemtoon dat hy 'n *apostel* van Jesus Christus is, wys hy praat nie uit homself nie. Dit wat hy sê is wat Christus sê . Alles wat volg is die gesagvolle Woord van God. Dit is nie 'n geval dat Paulus maar net sy eie mening oor 'n klompie sake gee nie. So moet ons gesindheid ook wees as ons in die begin van die jaar 'n reeks uit hierdie briewe van Paulus na ons laat kom.

***

Ons aanvaar, alles wat Paulus hier sê skryf hy in opdrag van die Here self. Hy sê dit so duidelik in vers 1 ... Hy het alreeds baie briewe geskryf as hy by hierdie laaste van briewe in sy lewe uitkom, tog werk hy steeds in opdrag van God. Hy wat Paulus is, was reeds met baie kerke en gelowiges in aanraking maar steeds gaan dit nie vir hom om die mens nie, maar om Wie die Here is. Hy is *'n apostel van Christus Jesus, in opdrag van God, ons Verlosser, en van Christus Jesus, ons hoop ...* Aangrypend dat hy na Jesus verwys as ONS HOOP... Hoopvol kan 2024 met Christus Jesus ingegaan word as ons Hom ook wil ken en bly ken as ONS HOOP.

***

Al lyk hoe baie dinge aan die begin van so 'n nuwejaar maar hopeloos bly Hy wat Christus is ons lewende HOOP. En dan begin ons vandag inleidend met hierdie eerste Timotheus brief te werk en hoopvol, ja ook troosvol is die feit dat ons nie uit onsself werk as ons vanuit die kerk werk nie. Wie vanuit God se kerk vir God werk maak nie self planne hoe kan ek as kerk ook nou in 2024 verder gaan nie. Nee ons besef 'n groot deel van hierdie eerste Timotheus brief gaan oor hoe ek my in God se kerk moet gedra. Hierdie kerk wat ons in die begin van 2024 ook is, is en bly God se Kerk. Die Here maak dit baie duidelik hoe dinge in sy kerk gedoen

moet word. Daar is nie allerhande mense idees en allerhande foefies en plannetjies van mense nodig as daar net goed gekyk word wat God van jou en my verwag.

***

Hoe gedra ek en jy ons in God se kerk, ook in die jaar wat ons reeds ingegaan het. Paulus noem baie duidelik die kerk is God se huis of die 2020 vertaling, praat van die Kerk as God se *huishouding* ...(die Griekse *oikos)* v 15 -jy moet weet *hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God: dit is die kerk van die lewende God,4 'n pilaar en 'n fondament van die waarheid.* Hieruit gaan ons by hierdie eerste preek uit Timotheus veral die aandag op die volgende drie sake vestig. Eerste is ons werk met God se kerk m.a.w. die Here alleen bepaal hoe dinge in sy kerk moet en sal werk. Tweedens gee ons aandag aan die besondere beelde waarmee Paulus God se kerk beskryf. In die laaste plek wat is die groot saak, wat is die belangrikste saak in God se kerk? Eerste dan-

***Die Here alleen bepaal hoe dinge in sy kerk moet werk:***

As Paulus hier skryf is dit beslis nie 'n nuwejaarsbrief met mooi nuwejaarswense nie, maar Paulus is besig met ewige dinge. Dinge wat bó tyd en ewigheid uitstyg. Hy werk in opdrag van God. Ons het reeds gesien hoe Paulus in vers 1 sy apostelskap bevestig. As Paulus aan Timotheus skrywe is Timotheus reeds 'n predikant in die stad Efese gewees. Efese wat as 'n juweel in die Romeinse provinsie Asië beskou kon word. Paulus skryf aan een wat sy kollega is maar tog nie net aan Timotheus nie. Die gemeente in Efese is ook deel van Paulus se adres. Die uiteindelike adres waar die brief na moet gaan is op die einde na alle kerke van alle eeue na alle wêrelddele. Paulus self vertel iets van sy reisplan voor hy verder die gemeente in diepte gaan aanspreek. Paulus sou self baie graag na Efese wou gaan maar dit was op die stadium nie vir hom moontlik gewees nie. Sy reisplanne na Macedonië het vir hom nog 'n reis na Efese onmoontlik gemaak. Tog was Efese en die kerk in Efese aan Paulus goed bekend gewees.

Spesifiek in Efese is dit duidelik dat hier waar Paulus vroeër in sy lewe vir drie jaar gewerk het, het dinge intussen agteruitgegaan. Daar het allerhande dwaalleer ontstaan, dit wat ons in vers 6 gelees het deur Paulus beskryf word as *onbenullige praatjies.* Die 2020 Vertaling noem dit 'n *niksseggende gepraat ...* Mense wat leermeesters van die wet wil wees maar hulle verstaan nie wat hulle sê of dit waarop hulle aandring nie. Paulus beskou die kerk in Efese as in die moeilikheid, ja moeilikhede word ons as kerke dikwels nie gespaar nie. Later in hfst. 6 praat hy weer van die goddelose gebabbel wat daar was, ja van mense met vals kennis (hfst. 6:20). Duidelik wys Paulus vir Timotheus hierdie tipe mense beskou hulleself

ook as lidmate maar in werklikheid is dit mense wat net verdeeldheid wil bring. Hulle is lief vir 'n sinnelose gestryery maar het eintlik nie die vaagste benul dit waaroor die kerk waarlik oor moet gaan nie.

***

Opvallend dat Paulus se raad aan Timotheus ook was moet nie jou tyd met hierdie mense mors nie. Paulus beskou gesprekke met hierdie mense as tydmors en gevaarlik. In hfst. 6 vers 20 beskou Paulus enige debat met die mense by voorbaat as vrugteloos. Dis mense wat nou maar eenmaal nie in die rigting van God se waarheid wil groei nie. Paulus erken later self dat hy eintlik ook nie kan uitmaak wat hierdie mense eintlik wil sê nie. Dis onsamehangend, destruktief en nie die moeite werd om by betrokke te raak nie. Ook allerhande ander verwarrende dinge was in die kerk in Efese aan die gang wat onnodige gestryery veroorsaak. Daar was 'n gestry oor watter kossoorte mense mag eet en watter nie (v3), 'n gestry oor geslagsregisters (v4), sekeres het die huwelik as instelling van God bevraagteken. Later in die brief prsst hy spesifiek ook met vroue, vroue uit allerhande ouderdomsgroepe. Hy was bekommerd oor die jong weduwees wat veral so maklik slagoffers geword het van mense wat dwaalleer aan hulle opgedis het, mans was waarskynlik agter hierdie vroue se geld aan, so gevaarlik! As ons hfst. 2 ingaan dan wys Paulus spesifiek die vroue dat hulle versigtig moet wees om nie hulle rykdom in die openbaar ten toon te stel nie. Daar was ook van die jonger vrouens wat baie bemoeisiek was en spesifiek van huis tot huis gegaan het en hulle neuse so onnodig in andere se sake gesteek het. As ons dieper Timotheus sou inbeweeg is dit duidelik dat Timotheus veral bedag moes wees op die dwaal gedagtes wat al meer in die gemeente begin kop uitsteek het. Dwalinge en afvalligheid wat so maklik 'n kerk insluip is dinge wat Paulus sy baie jonger kollega baie duidelik teen waarsku.

***

Wat Paulus wel van die begin af baie duidelik wil maak, is dat die ware kerk behoort aan die Here. Jesus is die ware kerk se enigste Verlosser, ja in die brief klink dit of Paulus omgekeerd na Jesus verwys. Meermale noem hy Hom, Christus Jesus om juis die klem te plaas op die feit dat Jesus dié Gesalfde is wat deur God na hierdie wêreld gestuur is. Dan noem Hy Jesus ons Hoop. Hierin is daar vir ons onmeetlike troos opgesluit. Vanuit Christus regeer God. Vanuit Christus, ons enigste Hoop word presies bepaal hoe dinge in God se kerk moet werk. Vanuit Christus staan ons verhouding met God vas en stewig. Vanuit Christus wil Paulus vir Timotheus en ook die gemeente waarby hy heelwat dinge sal moet hanteer die versekering gee dat God weer gaan kom en beslis 'n einde gaan maak aan al die hartseer en

onreg wat daar in hierdie wêreld is. Die feit is God bepaal hoe dinge in sy kerk werk en hoe ons ons in God se kerk moet gedra. Dit wat dan ons tweede gedagte is ...

***Die besondere beelde hoe hier na God se kerk verwys word:***

As Paulus na God se kerk verwys is dit opmerklik dat dit meer om werkwoorde gaan as wat dit selfstandige naamwoorde is. Werk, God se werk gaan altyd die kerk vooraf. Die woord wat Paulus omtrent heeltyd in die brief vir KERK gebruik beteken letterlik hulle wat deur God uitgeroep is. Dis baie duidelik God se kerk is vir Paulus dié mens wat deur God uitverkies is, God het hulle uitgeroep om aan hulle die geloof te gee wat aan Hom behoort. Nooit verwag die Here van ons dat ons as kerk op ons eie planne en kragte staat moet maak nie. God stel ons in staat om kerk te wees soos wat God dit wil hê.

Tog moet die kerk 'n pilaar en grondslag vir God wees. Die 2020 Vertaling praat van 'n pilaar en fondament van die waarheid. As ons mooi oor hierdie twee beelde dink dan kom dit presies daarop neer wat die 1983 Vertaling duidelik maak, die kerk moet 'n *draer en 'n beskermer van die waarheid wees.*

Tog is die eerste vergelyking wat hierdie ander twee beelde voorafgaan die feit dat die kerk is God se huisgesin. Die huisgesin is 'n plek waar liefde nie onderhandelbaar mag wees nie. Die kerk as God se huisgesin beklemtoon God se liefde vir ons. Hy het ons waarlik lief. Mag ons hierdie jaar dit nooit 'n enkele oomblik vergeet nie. God het ons so lief dat Hy vir ons gegee het, die Een wat Hy die meeste lief het nl. sy enigste Seun, sy eniggebore Seun. Hy het Hom vir ons gegee om in ons plek te sterf. 'n Groter liefde kan daar nie wees nie, dat Hy Een gee wat Hy die meeste lief het en daardie Een word ons prys. Hy word die betaling op ons sonde, Hy word die betaling op die dood wat ons dood sou wees. Hy het die prys ten volle kom betaal wat ons veronderstel was om te betaal wat ons in geen geval uit onsself sou kon betaal nie.

Hierdie besondere beeld van God se kerk as God se huisgesin is baie duidelik dat in God se kerk sal dit maar altyd wees soos dit in enige huisgesin veronderstel is om te werk. Nie een is volmaak en perfek nie. Ouers het en dra gesag, die man moet die hoof van die huis wees, die vrou moet sorg en liefde laat heers, die man moet vir sy vrou meer lief wees as vir homself. In die mooie van die huisgesin is daar so dikwels die onvolmaakte wat ons parte speel. Daar kom spanning, rusies, onenigheid, ongelukkigheid, geen huisgesin is dit gespaar nie. Daar moet saam gelewe, saam gelag, saam gehuil kan word.

In die kerk, God se huisgesin is dit presies dieselfde. God het sy kinders bó alles lief, maar vir God is liefde en waarheid ewe belangrik. Al gaan die liefde die waarheid vooraf beteken dit nie vir ’n enkele oomblik dat die waarheid aan die liefde ondergeskik moet wees nie. Ons mag nie wil skei wat God saamgevoeg het nie. God het ons as sy huisgesin oneindig lief, maar hierdie huisgesin moet vir God ’n draer en beskermer van die waarheid wees. Ons moet mekaar in die gemeente ook onvoorwaardelik lief het. As ek dit nie kan en wil doen nie, is ek nie kerk van God nie.

Tegelyk is elke lidmaat in die liefde wat moet leef veronderstel om ook ’n pilaar en fondament vir God se waarheid te wees. ’n Pilaar en grondslag van die waarheid. Ek moet God se waarheid kan dra, soos pilare in staat is om ’n baie groot gebou te dra en te voorkom dat die gebou nie inmekaar stort nie. Ons moet in ons kerk-wees ook fondament van die waarheid wees. God wil jou en my gebruik dat daar op ons gebou kan word soos ’n goeie fondament wat gelê is, moet daar verder daarop gebou kan word. Dit bring ons dan eintlik by ons laaste gedagte vandag:

***Wat is die belangrikste saak, of anders gestel wat is vir God die belangrikste waarheid in sy Kerk?***

In Timotheus se geval het Paulus vir Timotheus ’n hele paar dinge uitgewys wat hy in gedagte moes hou om die kerk daar in Efese weer op koers te kry. Jy moet seker wees van jou roeping, daar moet nie by jou en my twyfel wees dat God ons aangestel het om vir sy waarheid, God se waarheid te leef en te stry nie. Ek moet self bereid wees om vir hierdie waarheid te sterf. Dit wat die opregte gelowiges dikwels hulle lewe voor gegee het. Mense wat gemartel was omdat hulle geglo het, waarlik geglo het, vir daardie geloof het hulle gesterf.

Tweedens Timotheus moes voortdurend bewus wees van die goggas wat rondloop. Hy moet bewus wees van die moontlikheid van dwaalleer en dwaalleraars en vir hulle moet hy nie terugdeins nie. Aan die einde van hoofstuk 1 noem hy twee sulke goggas op die naam, nl. Himeneus en Alexander. Paulus sê dat hy hulle deur God aan Satan oorgegee het. Derdens wys Paulus vir Timotheus jyself moet kan vasstaan in die waarheid. Staan vas in wat jy geleer het en dit wat jy andere ook weer moet leer. ’n Kerk sonder ’n gesonde leer is nie kerk nie. In die vierde plek daar moet orde en struktuur in die kerk inrigting wees. In ons gebede, in die rol wat manne in die kerk moet speel, onderskei van die rolle wat vroue in die gemeente moet vervul. Ons sal later in hierdie reeks beslis nog meer hierop moet kan ingaan.

Dit wat God van ouderlinge verwag, ook die eienskappe en gesindheid waaraan ouderlinge moet voldoen. Net soveel die vereistes wat daar aan diakens gestel word. Selfs van die vroue van diakens word sekere dinge gesê en sekere dinge verwag.

Dit alles sluit aan by ons groot tema vandag dit wat God van jou en my in sy Kerk verwag. Ja, as ons in die reeks selfs ’n vyfde en sesde saak mag noem wat Paulus deurgaans in die brief aanraak om dinge in die kerk weer op koers te kry dan gaan dit in die vyfde plek vir Paulus oor integriteit. Nie jou woorde nie, maar jou lewe moet jou grootste getuienis wees. God se mense moet anders lyk as die wêreld se mense. God se huisgesin is vir Hom uiters kosbaar. In die sesde plek pasop dat geld en rykdom nie die oorheersende raak nie. Elke een in die kerk moet in die soeke na aardse dinge nie daarin vasval nie. Geldgierigheid is ’n kanker, dit word naderhand die wortel van alle kwaad. Dit is ook al keer op keer bewys.

Aan die begin van die reeks uit hierdie laaste briewe van Paulus gaan dit in alles om God se kerk, God se liefde, sy huisgesin, God se waarheid. In v 16 van hfst. 3 kry ons die aangrypendste samevattings wat daar van God se waarheid gegee kan word. Elke deeltjie hiervan is God se waarheid wat gedra en beskerm moet word. Hoe besonder staan die kernmomente van die evangelie, die groot waarhede van die evangelie in ’n enkele vers saamgevat *... 16 En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.* Die 2020 Vertaling stel dit - *16 En die geheimenis van die ware godvresendheid is sonder twyfel groot:*
*Hy is geopenbaar in 'n menslike liggaam, regverdig bewys deur die Gees, gesien deur die engele, verkondig onder die nasies, geglo in die wêreld, opgeneem in heerlikheid.*

Hierdie waarheid is waarlik ook dit waarvoor ons in die gemeente ’n draer en beskermer, ’n pilaar en fondament voor moet wees.

AMEN